



O
N
S

I
S

N

W
A
A
R
D
E

G
E
D
R
E
W
E

S
K
O
L

Uit die kantoor

Beste Ouers,
Na 'n week van erge hitte, met warm klasse en kinders en onderwysers wat papnat gesweet is na sport, bid ons almal vir koeler weer. Op die oomblik brand als dood al gee ons hoeveel water. Ons hoop daar kom gou vir ons uitkoms.

Dinsdagaand het ons ons inligtingsaand en ouerbraai gehad. Dankie aan elke ouer wat die aand bygewoon het. Dit was vir ons lekker dat soveel van u die aand kon bywoon. Tydens die inligtingsaand het ons gepraat oor die moets en die moenies by Laerskool Bloemfontein. Indien u nie die aand kon bywoon nie, vra u kind om vir u die moets en moenies uit te spel. Vra asb. u kind om by die reëls te bly. Ons skool is baie vol met slegs 'n paar plekke in sekere grade. Ons hoop om dit so te hou deur die jaar.

Ons atletiekspan wat aan die zone-byeenkoms gaan deelneem is reeds uitgesorteer en hulle oefen elke dag klyphard. Ons rugby- en netbalspanne is ook al baie hard aan die oefen.

Vertrou u gaan 'n lekker naweek hê!
Geniet hom.

Groete. Gerdus

DRINGEND OPSOEK NA 'N TANNIE WAT BEREID SAL WEES OM DIE BROODJIEPROJEK TE ORGANISEER

Kontak vir Lee-Ann by 051-433 1913

Indien daar mamma's is wat bereid is om broodjies te maak om aan ons leerders te gee tydens pouses, kan u ook asb. vir Lee-Ann by 051-433 1913 kontak. Sy sal verduidelik presies hoe dit werk.

Baie dankie byvoorbaat!!

VOORTREKKERS

Begin 22 Januarie 2019

Waatlemoenfees

Tyd: 13:50 – 14:45

Bring asb. 'n handdoek, sonbrandroom en swemklere

Kostes vir die jaar beloop:

R435 per Voortrekker betaalbaar voor of op 30 April 2019.

Bloemles Bid



Wat is geloof daagliks vir jou?

Op die vraag: "Wat is geloof?" is ons nogal vining om die teologiese en teoretiese antwoord te gee soos Heb 11:1 dit beskryf: **"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."**

Tog kyk mense na ons lewens en sê: "Sien is glo!" Rassionele bewyse, harde data, ooggetuies en kliniese verslae – dit word benodig om mense te oortuig van God se bestaan.

"Nee", sê die Bybel – **glo is doen!** Bogenoemde is die getuigenis wat volg nadat geloof ten toon gestel was. Die mees tasbare bewys vir die egtheid van geloof is nie slim argumente om al die slim mense verkeerd te bewys nie.

Geloof in God word gesien waar mense se lewens tot Sy eer verander. Dit word gevoel in die vorm van helpende hande wat swaar laste van ander se skouers aftel en dra. Geloof word beleef wanneer mense op hulle knieë staan om ander se voete te was. Geloof gebeur wanneer vyande weer vriende word in die teenwoordigheid van die Here. Geloof verander vandag nog mense met yskas-harte in egte navolgers van die Man van Nasaret.

Maar wat is geloof vir jou en my wanneer ons daagliks lewe en gekonfronteer word met die lewe en sy dinge? Dis maklik om te sê wat die Bybel sê, maar wat sê my lewe? God soek in 2019 na mense wat doen en nie net mense wat praat nie. Hoe lyk geloof in my elke dag?

Ons bid vir elke ouer, kind en onderwyser vir krag, wysheid, vrede en voorspoed vir 2019!

Onthou asb. van die grys gebedspos-bussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi. Alle seën en voorspoed vir elkeen verbonde aan Laerskool Bloemfontein tydens 2019.

Kontak asb. een van die volgende ouers:

Ena Nagel	0724407992
Riette v Staden	0748431303
Ettienne v Staden	0742296709

OUERKOMITEE

Elke negatiewe situasie het iets positiefs...

Soos hulle sê ...

Tot 'n gebreekte horlosie wys die regte tyd twee keer 'n dag...

Soek die positief in als...

Glo dat als sal uitwerk, maak nie saak hoe moeilik dit is nie.

Doel:

Fondsinsamelings regdeur die jaar ten bate van die skool om verbeterings aan te bring waar ook dit nodig gevind word.

Vergaderings:

Hou gerus hierdie spasie dop om aan te dui wanneer die eerste Ouerkomitee-vergadering gaan plaasvind. Hiermee nooi ons byvoorbaat alle ouers om betrokke te raak. Elkeen se "input" is vir ons baie belangrik en ons dra elkeen se belange op die hart.

GELUKWENSING!

Hartlik geluk aan elke personeelid, ouer en leerder wat gedurende Januarie verjaar. Alles wat mooi, goed en geseënd is vir julle nuwe lewensjaar!

WATERKASKANADES



Datum:

8 Februarie 2019

Spaar nou al jou geld, want hierdie mag jy nie mis nie!! Leerders het 'n borgvorm ontvang waarop hulle hulle geld kan insamel.

ADVERTENSIEBORDE

Ons neem hiermee die vrymoedigheid om u te nader om by Laerskool Bloemfontein advertensieruimte te huur, per jaar, waar u 'n bord of borde kan opsit. Ons het 3 areas waar die borde opgesit kan word.

Rugbyveld

1,5 m x .490 m = R1 000

Netbalbaan

3 m x .490 m = R2 000

Groot heining

3 m x .900 m = R2 000

Bogenoemde is die koste per jaar vir die huur van die spasie waar u u bord kan opsit. Besighede maak self hulle bord en kom sit dit op. Na afloop van 'n jaar sal die skool u kontak om te verneem of u weer belangstel in die huur van die ruimte. Indien u nie sou belangstel nie, sal die bord verwyder word. Indien u belangstel kan u met Carin Jordaan skakel by 084 441 7615.

Gedagte vir die week

If you cannot do great things, do small things in a great way.

STUDIE OUERS

Indien u in 2019 wil gebruik maak van die toesigklas, kan u toelatingsvorms by tannie Net of tannie Annatjie kry.

BAIE BELANGRIK!!

Hierdie klas is eintlik net 'n toesigklas. Die tannies probeer die leerders help met hulle huiswerk. Die klassies is groot en dit bly steeds u as ouers se plig om die huiswerk met u kinders oor te gaan.

SKAAK

Skaakoefeninge begin 17 Januarie om 14:00 tot 15:00 in die RO-klas. Ou ligaspeleers en voornemende ligaspeleers moet kom daagwedstryde speel vir 'n plek in die ligaspan. Beginners van alle ouderdomme is ook welkom. Kontak juf. Marita de Kock vir enige navrae. Daar is geen koste aan verbonde nie!!

KUN- & KREATIEWEKLASSE

Gr. 1, 2 en 3 op Dinsdae
Gr. 4, 5, 6 en 7 op Woensdae
Tyd: 13:50 – 15:00
Koste: R130 per kwartaal
vooruitbetaalbaar

Grapkas

Wat gaan jy kry as 'n spook jou vir aandete nooi? [Hoendervleis!](#)

Wat kry jy as jy 'n hoender en 'n duisendpoot kruis? [Genoeg hoenderboudjies vir die hele skool.](#)

Waarna luister paddas graag?
[Hip hop.](#)

Wat is 'n kat se gunsteling-tydskrif?
[Muisgenoot](#)

Na watter sepie kyk spoke?
[Swewende laan.](#)

Wat is 'n spook se gunsteling-reseptebok?
[Spook en geniet](#)

Watter soort klere dra spoke?
[Bangbroeke](#)

Jannie: "Pa, hoekom is Adam eerste gemaak?"

Pa: "Om hom 'n kans te gee om ook iets te sê."

Wat noem jy 'n kreef wat nie in die water is nie? [Aandete.](#)

Wat het 'n spinnekop en 'n spietkop in gemeen? [Albei span toue en kruip weg om hulle prooi te vang.](#)

Wat het 'n koei van voor wat 'n bok van agter het? ['n "K" natuurlik.](#)

Wat is 'n muis se geliefkoosde vervoermiddel? ['n Muiseedes Benz.](#)

INLIGTINGSAAND EN OUERBRAAI



Baie dankie aan al die ouers en kinders wat die inligtingsaand bygewoon het. Dit was lekker om saam met soveel ouers en kinders te kuier.

DRINGEND BENODIG

Indien daar van u is wie se kind se skoolklere te klein was en u het nuwes gekoop...

Stuur asb. die tweedehandse klere vir Lee-Ann. Ons het baie maats wat baat kan vind by die klere asseblief.


SKOOLFONDS

'n Baie groot dankie aan elke ouer wat reeds hulle skoolgeld betaal het.

Skoolgeld vir 2019 beloop R660 per leerder per maand.

BUSGELD

Daar is nie beurse vir busgeld nie, vereffen asb. u rekening voor of op die 7de van elke maand.



BELANGRIK!!

Tydens die eerste kwartaal dra ons die sporthemp en -broekie op Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag. **Vrydag is ons akademiese dag en verwag ons dat ons kinders hulle akademiese drag sal dra.**

Ons moet trots wees op ons skool en onself.

Ons verwag dat ons kinders die regte skooldrag sal dra asb.

Akademiese drag:

SEUNS: Grys kortbroek, Grys kortmouhemp (oopslaan kraag), lang grys kouse met jade streep en swart skoolskoene.

DOGTERS: Jade skoolrok, wit kortmouhemp (oopslaan kraag) kort, wit kouse en swart skoolskoene. Hare: slegs 1 of 2 poniesterte. Silwer, bruin of swart knippies. Navy, wit of jade rekkies of linte.

Ons skool se waardes is:

Respek, Eerlikheid, Lojaliteit en Uitmendheid. Kom ons leef ons waardes!

VCSV

Teksvers van die maand

Efesiërs 3:18

"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."

VCSV-TAKKAMP

Die VCSV-Takkamp vind plaas op

25 en 26 Januarie 2019

te Mooigenoeg Kampterrein.

Die koste beloop R150.

Sluitingsdatum vir inskrywings is 21 Januarie 2019.

Vorms met betaling kan by mev. Klopper ingehandig word.

SELECTIVE HAIR & EXTENSIONS

Skakel of whatsapp nou vir jou afspraak!!

*Wendy – 071 467 722

EXTRA CLASSES AND REMEDIAL

Grade R – 3

Reading, English, Mathematics, Afrikaans, computer classes, school readiness.

Grade 4 – 12

English, Mathematics, Afrikaans, Accounting and computer classes.

Contact 072 913 8313

Kennisgewings

Donderdag, 17 Januarie

Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 - 7

Vrydag, 18 Januarie

VCSV gedurende skool.

Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 - 7

Maandag, 21 Januarie

**Rekenaars begin 14:00 – 15:00
0/9A Krieket @ Reddersburg Tuis**
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 1 - 7

Dinsdag, 22 Januarie

**0/11A Krieket @ Grey E Tuis
Voortrekkers begin 13:50 – 14:45
Kuns gr.1 – 3 begin 14:00 – 15:00**
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 1 - 7

Woensdag, 23 Januarie

Kuns gr.4 – 7 begin 14:00 – 15:00
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 1 - 7

Donderdag, 24 Januarie

**0/13A Krieket @ Saints Weg
0/13B-Krieket @ OR B Tuis
Skaak 14:00 – 15:00**
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 1 - 7

LEERDERRAAD SE GEDAGTE

Die mooiste Wiskunde som:

Maal jou vriende

Deel jou smarte

Trek jou verlede af

Tel God se liefde by

En die som se antwoord:

GENADE ONBESKRYFLIK GROOT

